

Middelaar van 'n beter verbond (OP97)

Heb 8:6-13

21 Augustus 2022

Die afgelope paar weke het ons stil gestaan by die feit dat die Seun van God Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek – wat 'n verhewe en ook effektiewe priesterorde is. In Heb 7:22 het ons gesien dat hierdie aanstelling van die Seun deur God met 'n eed bevestig is – en so het Hy borg geword van 'n beter verbond – Hy is dus die waarborg dat 'n beter verbond sal realiseer.

Laasweek het ons in Heb 8:2 geleer dat Hy ook die Bedienaar is in die ware verbondstent. Ons het daarvoor besin dat hierdie ware verbondstent 'n verwysing is juis na die werk van die Seun as Hoëpriester. Die Ou Testamentiese tabernakel/verbondstent, en later ook die tempel, was bloot 'n skadubeeld van hierdie ware verbondstent. Dit was 'n instrument wat God gebruik het om ons te leer van die werk van die ware Hoëpriester in die ware verbondstent. Ons het gesien 'n gedeelte van hierdie Hoëpriesterlike werk is reeds afgehandel – Hy het reeds aan die kruis gesterf, Hy het reeds opgestaan uit die dood, Hy het reeds opgevaar na die hemel en aan God se regterhand op die troon gaan sit. Maar daar is ook 'n deel van Sy Hoëpriesterlike werk wat steeds voortgaan: Hy is steeds besig om ons as gelowiges na volmaaktheid te lei, en Hy is ook steeds besig om vir ons by God in te tree. Boonop het ons opgemerk dat daar dus 'n deel van Sy Hoëpriesterlike werk is wat Hy hier op aarde voltooi het, en daar is ook 'n deel van Sy Hoëpriesterlike werk wat steeds in die hemel voortgaan.

Ek hoop dit is duidelik dat die Hebreërskrywer juis wil hê dat ons moet kennis neem daar is twee priesterordes, twee verbonde en twee verbondstente: Die Levitiese priesterorde is geadminestrer volgens die beginsels van die Ou Verbond en het plaas gevind in die aardse verbondstent wat deur mense (in opdrag van God) opgerig is. Daarteenoor, word die priesterorde van Melgisedek geadminestrer deur die beginsels van die Nuwe Verbond en dit vind plaas in die ware verbondstent wat deur God self opgerig is. Die Seun van God is die ware Hoëpriester wat volgens die beginsels van die Nuwe Verbond optree in die ware verbondstent, d.w.s. in Sy Hoëpriesterlike werk.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 8:6-13. Ek wil dit onder die volgende vier hoofde bespreek: (1) Die noodsaak aan 'n nuwe verbond (v6-8), (2) Hoe die nuwe verbond nie is nie (v9), (3) Die beginsels van die nuwe verbond (v10-12), en (4) Die ou verbond kom tot 'n einde (v13).

Die noodsaak aan 'n nuwe verbond (Heb 8:6-8)

Lees vers 6. Hier het ons weer dieselfde gedagte as wat ek sopas na verwys het. Jesus het 'n voortrefliker priesterdiens – ons weet dit verwys na Sy Hoëpriesterskap volgens die meer verhewe en effektiewe priesterorde van Melgisedek – en Hy is Middelaar van 'n beter verbond – ons weet ook die beter verbond is natuurlik die nuwe verbond. Maar let op dat die Seun hier beskryf word as die Middelaar van die beter verbond. Onthou: ons het Hom al leer ken in Heb 7:22 as die borg van die beter verbond, en in Heb 8:2 as die Bedienaar in die ware verbondstent. Nou word hier nog 'n titel bygevoeg: Middelaar van die nuwe verbond. 'n Middelaar is 'n tussenganger. 'n Verbond is 'n ooreenkoms – in hierdie geval 'n ooreenkoms tussen God en die mense. As die Seun dus die Middelaar is van die verbond tussen God en die mense, beteken dit Hy is die Een wat die ooreenkoms/verbond bemiddel – ons kan sê wat dit onderhandel en laat realiseer. Maar in die verbond waarna ons kyk (en soos wat ons later weer sal sien as ons na die inhoud van die nuwe verbond kyk) is God die Een wat die inisiatief neem. Ons sal ook later sien, God neem nie net die inisiatief nie, Hy neem ook die verantwoordelikheid dat al die inhoud van die ooreenkoms sal

realiseer op Homself. God se inisiatief beteken ook dat Hy die Een is wat die Middelaar aanstel wat die verbond sal laat realiseer. Soos wat ons reeds in die bestudering van Hebreërs gesien het, is dit God wat die Seun aangestel het as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (onthou Psalm 110). Hy het dit met 'n eed bevestig en sal dit nie herroep nie. Laasweek het ons gesien Hy vervul hierdie Hoëpriesterlike werk deurdat Hy Bedienaar is van die ware tabernakel – 'n groot deel van die werk is al afgehandel, maar daar is steeds werk wat gedoen moet word. Maar ons kan seker wees dat Hy dit suksesvol sal voltooi – ons hoef maar net kennis te neem van hoe ver Hy al gevorder het.

Vers 6 voeg ook by dat die beter verbond op uitnemender beloftes gegrond is. Dis verstommend: 'n Volmaakte Hoëpriester in 'n beter priesterdiens in die ware verbondstent volgens die beginsels van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is! Verse 10-12 sal vir ons insae gee in wat hierdie beter beloftes is.

Lees verse 7-8. Uit vers 7 is dit duidelik dat die eerste verbond, oftewel die ou verbond, tekortkominge gehad het. En dit is die tekortkominge van die eerste verbond wat die noodsaak skep vir 'n nuwe verbond wat beter sal wees as die eerste verbond. Vers 8a gee vir ons 'n aanduiding wat die probleem in die ou verbond was: God het die volk bestraf oor hulle tekortkominge (NAV), oftewel God het hulle berispe (OAV). Onthou wat by Sinai gebeur het: Daar het God Sy wet en voorskrifte aan die volk gegee – dit het die morele wet ingesluit (m.a.w. die 10 gebooe), dit het die seremoniële wette ingesluit rakende die offers, jaarlikse feeste, en ook die Levitiese priesterdiens, dit het ook die wette oor hoe hulle as volk moes lewe ingesluit. Duidelik was God se doel dat hulle hiervolgens moes lewe. Ja, daar was die Levitiese priesterorde om versoening te doen vir oortredings teen God se wette, maar die volk moes hulle tog inspan om volgens God se wette te leef. Maar hoe het die volk opgetree? Terwyl hulle nog by Sinai is, bou hulle 'n goue kalf om te aanbid in die plek van God. Op pad na die beloofde land, is hulle telkens hardkoppig, en weier selfs om die beloofde land in te neem. Na hulle pas in die beloofde land aangekom het, lees ons dat in die tyd van die Rigters het die volk herhaaldelik gedoen wat goed was in hulle eie oë, en nie wat God voorgeskryf het nie. Nadat hulle aangedring het op 'n koning, en na die regering van Salomo, skeur die koninkryk in twee. Dit word so erg dat die Here hulle later selfs in ballingskap laat wegvoer. Sien jy die probleem? Al het die volk al die voorskrifte van die Here by Sinai ontvang, al het hulle onderneem om daarvolgens te lewe – realiseer dit eenvoudig nie. Hulle sondig voortdurend teen die Here, en die Here moet gereeld ingryp. Selfs al het hulle die Levitiese priesterorde, selfs al word daar gereeld offers gebring, die volk het steeds van die Here af weggedryf. Al daardie offers het nie werklik vergifnis van sondes bewerk nie, en al die wette het ook nie verseker dat die volk volgens God se voorskrifte leef nie. Dit is die probleem. Dit is hoekom daar noodsaak is aan 'n beter verbond: Die verbond wat by Sinai gesluit is, is eenvoudig nie effektief nie.

Daarom voeg die laaste gedeelte van vers 8 by dat daar 'n tyd sal kom dat God 'n nuwe verbond met Israel en Juda sal sluit. Vanaf vers 8b tot by vers 12 is 'n aanhaling van Jer 31:31-34. Teen die tyd dat Jeremia hierdie profesie gemaak het, was die ryk reeds in twee geskeur. Israel, die noordelike 10 stamme, is reeds in ballingskap weggevoer, en hy waarsku dat Juda, die suidelike twee stamme, ook in ballingskap weggevoer sal word. Dit is dus opvallend dat gesê word dat God die nuwe verbond met Israel en Juda sal sluit. Hier lê alreeds 'n aanduiding dat diegene wat voordeel gaan trek uit die nuwe verbond ten minste uit Israel en Juda sal kom – dit sal later duidelik word dat dit selfs wyer as dit sal strek.

Hoe die nuwe verbond nie is nie (Heb 8:9)

Lees vers 9. Hieruit is dit duidelik dat die nuwe verbond nie sal wees soos die verbond wat die Here met die volk gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gelei het nie. Ons weet dat kort na die volk uit Egipte

weg is, het hulle by Sinai gekom. En by Sinai het die Here 'n verbond met die volk gesluit – Lees Eks 24:4-8. Moses het die verbondsboek aan die volk voorgelees – m.a.w. die wette en voorskrifte wat die Here gegee het. En die volk het onderneem om alles te doen wat die Here beveel het en om daaraan gehoorsaam wees. Toe is die verbond gesluit, deurdat bloed op die altaar en die volk gesprinkel is. Heb 8:9 sê egter dat die volk nie die verbond gehou het nie – m.a.w. hulle was nie gehoorsaam aan God se wette nie, al het hulle plegtig onderneem om dit te doen. En die gevolg is dat God hulle verwerp het. Ons het hier dus weer bevestiging dat die nuwe verbond 'n verbetering sal wees op die Sinaiverbond.

Kan ek jou ook net weer daaraan herinner: Daar was 'n verskeidenheid verbonde wat die Here in die loop van die Ou Testament na die sondeval gesluit het, soos wat ek twee weke gelede na verwys het: Daar was die verbond met Adam na die sondeval, waar God beloof het dat Een uit die nageslag van Eva sou kom om die kop van die slang te vermorsel, daar was die verbond met Noag dat God die hemel en aarde instand sal hou tot die einde toe en eers dan finaal sal oordeel, daar was die verbond met Abraham dat hy 'n groot nageslag sal hê wat in die beloofde land sal bly en vir wie God hulle God sal wees, en daar was die verbond met Dawid dat daar Een uit sy nageslag sal wees wat vir altyd Koning sal wees. Al hierdie verbonde, tesame met die Sinaiverbond, vorm 'n eenheid – dit is as't ware 'n beskrywing van God se raadsplan en hoe Hy dit gaan laat realiseer. Hierdie eenheid van verbonde moet ons sien as die ou verbond. Al die ander verbonde, uitgesluit die Sinaiverbond, staan egter vir ewig en die meeste is deur God met 'n eed bevestig – alreeds in die Ou Testament. Hulle het dus geen noodsaak om aangepas te word nie. Die verandering in verbond is beperk tot 'n verandering in die Sinaiverbond. Die beter verbond in die plek van die Sinaiverbond, saam met die steeds geldende verbonde met Adam, Noag, Abraham en Dawid, vorm saam die nuwe verbond.

Die beginsels van die nuwe verbond (Heb 8:10-12)

Lees verse 10-12. Vers 10 begin met die stelling: “Dit is nou die verbond wat Ek na daardie dae met Israel sal sluit, sê die Here”. In hierdie paar verse word die beginsels van die nuwe verbond saamgevat – hier kry ons ook detail oor die uitnemender beloftes van hierdie verbond waarvan vers 6 gepraat het. Maar die verse is baie gekonsentreerd. In Heb 9 en 10 gaan die skrywer in meer detail uitbrei oor spesifieke aspekte van die nuwe verbond. Ons beperk ons vandag tot verse 10-12 se inhoud.

Let op hoeveel keer die stelling in hierdie paar verse gemaak word dat God onderneem om iets te doen deurdat Hy sê: “Ek sal...”.

- Vers 10: Dit is die verbond wat Ek sal sluit
- Vers 10: Ek sal hulle My wette in die verstand gee
- Vers 10: Ek sal dit op hulle harte skrywe
- Vers 10: Ek sal hulle God wees
- Vers 11: Hulle sal My ken
- Vers 12: Ek sal genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie

Duidelik maak God hier beloftes. Hy neem die inisiatief in die beloftes en Hy neem ook die verantwoordelikheid op Homself om dit te laat realiseer. Hy maak hier die beginsels duidelik wat sal geld in die beter verbond, om sodoende die tekortkominge van die Sinaiverbond aan te spreek.

Daar is vier beloftes/beginsels wat hier deur God aangekondig word wat die nuwe verbond sal kenmerk: (1) God sal Sy wette in die verstande en op die harte van mense skryf (v10), (2) God sal hulle God wees en hulle sal Sy volk wees (v10), (3) Almal sal God ken (v11), en (4) God sal hulle sonde vergewe (v12). Kom ons kyk na elkeen:

- God sal Sy wette in die verstande en op die harte van mense skryf (v10): Destyds by Sinai is God se wet (die 10 gebooië) op kliptafels geskryf – en die kliptafels is in die verbondsark in die tabernakel geplaas. Al die ander voorskrifte is ook opgeteken in die verbondsboek. Ja, dit is aan die volk voorgelees en die priesters het ook die verantwoordelikheid gehad om die volk te onderrig in al hierdie wette en voorskrifte. Maar dit was ekstern, dit was iewers opgeskryf. Die grootste deel van die volk se harte was doodeenvoudig nie daarin nie – dit is tog wat die geskiedenis wys: telkens het die volk besluit om eerder te doen wat hulle wou, en nie wat God se voorskrifte voorskryf nie. Hulle het geen behae daarin gehad om te doen wat God wou nie. Wette op wetboeke is eenvoudig nie effektief nie. Wat God beloof om nou te doen is om dit intern te skryf: in hulle verstand en op hulle harte. Dit begin by die verstand – m.a.w. die rede van die mens, dit begin by kennis. Hy gaan dit in hulle verstande inprent sodat hulle dit kan ken. En Hy gaan dit ook op hulle harte skryf, m.a.w. die gevoel of emosie van die mens. Nou, ek dink ons sal toegee dit is 'n belowende en effektiewe oplossing vir die probleem dat die wette in die Sinaiverbond meestal net ekstern op wetboeke gestaan het. Nadat God gedoen het wat Hy hier beloof het, sal almal wat deel in die nuwe verbond die nodige kennis hê van God se wette, en ook die wil om dit te gehoorsaam. Wat natuurlik nie hier staan nie, is hoe God dit sou bewerk nie. Maar ons weet uit die res van die Skrif. Onthou: Jesus is Middelaar van die beter verbond. Onthou, toe Jesus opgevaar het hemel toe, het Hy die Heilige Gees gestuur. In Joh 3:1-8 het Jesus aan Nikodemus verduidelik dat as iemand deel wil hê aan God se koninkryk (d.w.s. as hy wil deel in hierdie beter verbond), sal hy weergebore moet word – d.w.s. sy harde hart wat geen erg gehad het aan God se wette nie, moet vervang word met 'n hart van vleis waarop God se wette geskryf is. Wat sal die gevolg wees? Rom 5:5-6 sê dat diegene wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees, en dit bring lewe en vrede. Vers 13 voeg by dat sulke mense 'n einde aan hulle sondige praktyke maak en sal lewe. Rom 7:22 beskryf hierdie mense as mense wat diep in hulle harte vreugde vind in die wet van God. Ef 6:6 sê: “Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen”. Hierdie belofte is tog 'n reuse vooruitgang op wette wat net ekstern op wetboeke geskryf staan. Dit spreek tog 'n reuse tekortkoming in die Sinaiverbond aan. As dit realiseer, sal almal wat deel van die nuwe verbond is dus God se wil gewillig doen! Dit beteken dat hulle kan vorder tot volmaaktheid – iets wat die Levitiese priesterorde nie kon doen nie!
- God sal hulle God wees en hulle sal Sy volk wees (v10): God beloof hier dat Hy hulle God sal wees, en hulle sal Sy volk wees. Die “hulle” waarvan hier gepraat word is natuurlik die mense wat deel is van die nuwe verbond. Dit is natuurlik so dat die volk Israel in die Ou Testament God se uitverkore volk was. Maar dit is belangrik dat ons die volgende raaksien:

 - In Gen 17:7 lees ons as deel van die Abrahamverbond dat God die volgende aan Abraham sê: “Ek bring My verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n ewige verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag”. Dieselfde belofte is dus reeds aan Abraham gegee – en daar is spesifiek gesê dat dit deel van die ewige verbond is.
 - In Eks 6:6 lees ons as God vir Moses roep om die volk uit Egipte te lei, dat God gesê het: “Ek neem julle aan as My volk en Ek sal julle God wees”.
 - In Op 21:3 lees ons die volgende van die nuwe hemel en aarde: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal Sy volk wees, en God self sal by hulle wees as hulle God”.

Die punt wat ons moet raaksien is dat hierdie belofte herhaalde kere in die Skrif voorkom – in die verbond met Abraham, as Moses geroep word om die volk uit te lei en reg aan die einde op die nuwe hemel en aarde het dit ten volle gerealiseer. Dit lê aan die hart van God se doel met die ganse skepping – dat daar mense sal wees wat Hom met oortuiging dien en Hom vereer. Dit is waarheen God werk vanaf Gen 3. Maar hierdie saak ontwikkel soos wat die Bybelgeskiedenis vorder. Aan Abraham beloof God dat Hy die God van Abraham se nageslag sal wees. In die Ou Testament is die fokus op die volk Israel as die nageslag van Abraham – daarom kan God aan Moses sê dat Hy die volk aanneem en hulle God sal wees. In die Nuwe Testament leer ons dat die ware nageslag van Abraham al die gelowiges is – dit is ook die wat deel is van die nuwe verbond. En op die nuwe hemel en aarde kom God by hulle woon as hulle God.

Die Sinaiverbond is deel van hierdie ontwikkelingslyn. Dink maar net aan die opening van die tien gebooië: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte bevry het”. Hier het God ook gesê Hy is hulle God. En dit is hoekom ek oortuig is ons moet al die verbonde waarvan ons in die Ou Testament lees, as ‘n eenheid beskou – elkeen maak ‘n unieke punt, maar terselfdertyd werk hulle saam na dieselfde eindpunt toe. Die Sinaiverbond was deel van die eenheid tussen al die verbonde in die Ou Testament. Nou: Met die koms van die nuwe verbond, vind daar ontwikkeling plaas in die Sinaiverbond se detail, en hierdie beter verbond saam met al die ander verbonde vorm die nuwe verbond.

Maar let op: Ook hierin was die Sinaiverbond nie effektief nie. Ja, die Israëliete was formeel God se volk, maar hulle harte was nie daarin nie – hulle was nie regtig God se volk nie. Wat God as deel van die nuwe verbond beloof is dat dit voortaan wel die geval sal wees. Uit die Nuwe Testament weet ons dit is ook deel van die werk van Heilige Gees.

- Almal sal God ken (v11): Lees vers 11. Die Here beloof dat in die nuwe verbond sal dit nie meer nodig wees dat iemand sy broer hoef te leer dat hy die Here moet ken nie – almal sal Hom ken, klein en groot. Weereens moet ons onthou wat die tekortkoming in die Sinaiverbond was: baie wat lede van die volk Israel was het nooit werklik die Here geken nie – hulle optrede het dit gewys. Maar in die nuwe verbond gaan dit anders wees: Daar sal niemand sy broer hoef te leer om die Here te ken nie, want hulle almal sal die Here ken. Kan ek twee opmerkings hieroor maak:
 - As jy na die Nuwe Testament kyk waar die nuwe verbond realiseer, sien jy dat die fokus wegskuif van die volk Israel wat die fokus was in die Ou Testament, en skuif na alle volke, stamme, tale en nasies. Fisiese afstamming het tot ‘n groot mate bepaal of iemand deel van die Ou Testamentiese volk was – maar dit is nie die geval in die nuwe verbond nie. Lidmaatskap is in beginsel oop vir mense van alle afkomste. Maar lidmaatskap is ook beperk – net die wat die Here werklik ken, die wat wedergebore is, die in wie se verstand en op wie se harte die wet van God geskryf is, sal deel wees daarvan. Nou hierdie mense ken dus almal die Here. En daarom sal dit nie nodig wees dat broers wat almal deel van die nuwe verbond is, mekaar hoef te leer om die Here te ken nie.
 - Dit beteken nie dat diegene wat deel van die nuwe verbond is, nie meer geleer hoef te word nie. 2 Tim 2:2 sê immers: “Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer”. Of dink 1 Tim 3:2 wat leer dat ‘n ouderling bekwaam moet wees om te onderrig. Geen gelowige op hierdie aarde hoef nie meer te leer nie. Wat die Here

egter wel belowe is dat daar geen gelowige in die nuwe verbond is wat Hom nie ken nie. Almal sal 'n lewende verhouding met Hom hê.

- God sal hulle sonde vergewe (v12): Lees vers 12. Hier beloof die Here dat Hy in die nuwe verbond genadig sal wees oor die oortreding van die wat deel van die verbond is, en nooit meer aan hulle sondes sal dink nie. Onthou, dit was juis die probleem met die Levitiese priesterorde – dit kon nie werklik vergifnis vir sondes bewerk nie. Maar die verhewe en effektiewe priesterorde van Melgisedek, met die Seun van God self as die Hoëpriester, kan wel vergifnis bewerk deurdat Hy die eenmalige en perfekte offer daarvoor bring.

Kan ek saamvat wat die Here in die nuwe verbond beloof: Hy beloof om die God te wees van almal wat deel van die nuwe verbond is. Dit impliseer die nuwe verbond skakel in by al God se ander verbonde en daarom ook met Sy raadsplan. Hy beloof dat Hy die verstand en harte van diegene wat deel van die nuwe verbond is, so sal verander dat hulle vreugde sal vind in God se wette. Hierdie verandering in hart het ook tot gevolg dat elkeen wat deel is van die nuwe verbond werklik God sal ken. Ja, dit is so, hulle sal 'n proses moet deurgaan om te groei na volmaaktheid toe, maar hulle sal reeds 'n lewende verhouding met God hê. En verder beloof Hy deur die offer van die ware Hoëpriester dat daar vergifnis sal wees vir al die sondes wat hulle al gepleeg het, en ook nog sal pleeg terwyl hulle groei na volmaaktheid toe. Dit spreek die tekortkominge van die Sinaiverbond effektief aan: Voortaan sal persone wat deel is van die nuwe verbond 'n lewende verhouding met God hê, vreugde vind in Sy wette, verseker wees van effektiewe sondevergifnis – hulle sal God as hulle God hê, en hulle sal Sy volk wees!

Die ou verbond kom tot 'n einde (Heb 8:13)

Lees vers 13. Hier leer ons dat die aanbreek van die nuwe verbond gepaardgaan met die opheffing van die ou verbond, m.a.w. die Sinaiverbond. Die rede hiervoor is dat dit uitgedien is. Dit is verouderd. Dit was bloot tydelik en was bloot 'n skadu wat ons as mense moes leer van hoe God in die nuwe verbond werk. Die skadu-tabernakel word vervang met die ware tabernakel. Die Levitiese priesters word vervang met die ware Hoëpriester. Daarom bring ons nie meer offers soos in die Ou Testament nie, daarom het ons nie meer 'n tempel soos in die Ou Testament nie. Wanneer het hierdie oorgang plaasgevind? Natuurlik toe die ware Hoëpriester na die aarde toe gekom het en Sy Hoëpriesterlike werk hier gedoen het. Daar word soms geredeneer dat die tempeldiens verdwyn het met die vernietiging van die tempel in 70 nC. Ek is oortuig die oorgang het al vroeër plaasgevind. Immers lees ons in 1 Kor 11:25 dat die nagmaalsbeker die nuwe verbond is in die bloed van die Seun, en die nagmaal is reeds ingestel net voor die kruisiging. Hoe dit ook al sy, ons is bevoorreg om in die nuwe verbond te mag leef.

Implikasie

Het jy begeerte om te deel in hierdie seëninge waarvan ons nou gepraat het: 'n Lewende verhouding met God, vreugde in Sy wet, sekerheid van sondevergifnis – en God as jou God? Wel, Jesus Christus gee dit vir elkeen wat na Hom toe kom. Moenie wegbly nie – kom na Hom toe!

Is jy 'n gelowige wat smag na 'n meer diepgaande belewenis van God? Jy gaan dit nie vind deur een of ander mistieke ervaring nie. Nee, kom na die Middelaar van die nuwe verbond. Bely jou begeerte voor Hom. Bestudeer Sy werk. Verlustig jou opnuut in Sy werk!

Word jy ook opgewonde oor die werk van die Seun soos wat ons deur Hebreërs werk? Weet dit: jou opgewondenheid kom nie deur enige meriete van jou kant af nie – dit kom van die Here Jesus Christus, wat die Middelaar is van die nuwe verbond – dit is deel van Sy genade aan jou.

Onthou jy wat Petrus geantwoord het in Joh 6:68 toe Jesus die dissipels gevra het of hulle nie ook van Hom wil weggaan nie? Hy het geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee".